

KAMPUS

Gareth
Cornelissen:
**MGD se
nuwe hoof**

Erwin Schwella
leads the way

SU creates
world-class
mentors



Make a fresh start
to 2012

Endler bied
klassieke collage

Research: The
secret killer in HIV

Kos vir 'n groener
omgewing

My kampus: 'n Dag saam met Phillip Vermeulen	3
Topprys vir US-navorser	4
Telematic Services helps build capacity	5
SU signs MOU with Hessequa Municipality	6
Ukwanda-baanbrekers voltooi hul landelike opleiding	7
The secret killer in HIV	8
Gareth Cornelissen: MGD se nuwe hoof	9
A world-class mentoring programme at SU	10
Kos vir 'n groener omgewing	11
Propvol Endler-konsertreeks	12
Eet, lees en wees kreatief	13
Wellness: A fresh start to 2012	14
In conversation with Prof Erwin Schwella	15
Brokkies in beeld	16



Redakteur: Wayne Muller
Voorbladfoto: Justin Alberts
Bladontwerp: Sun Media
Drukwerk: Sun Media
Advertensies: Conita Henry
tel: 021 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za
Redaksionele bydraes: Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
of wmuller@sun.ac.za



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

KAMPUS klets

New students ecstatic about SU

I am a postgraduate student who will be joining SU in January. I obtained a Bachelor's degree in East Africa. However, I would like to say that SU is very unique. I have the welcoming book and I already feel welcome before arrival. I know exactly when and what to do. Bravo, SU. You are great. Here I come.
– Sanned Lubani

I am a first-year but already feel like I will be at home away from home! Really, SU is the best. Everyone that I met last year, including the ambassadors, were very welcoming and informative.
– Xolani Hadebe

You are welcome to write to Kampusnuus. Send a short letter to kampusnuus@sun.ac.za, fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physical address (not for publication). Kampusnuus reserves the right to shorten and edit letters. Comment on our SU Facebook page at www.facebook.com/stellenboschuniversity, or follow us on Twitter (@stellenboschuni).



Vanjaar kom die Varsity Cup terug bos toe.
– Amo van der Merwe



Wat 'n voorreg is dit nie om op Uni te wees nie, en dit nog op Maties!! Wens ek kan dit weer oordoen!!
– Bamie Jansen van Vuuren

Getting a bit emotional as #CampAwéness comes to a close. Lives have been changed – Nikita_James.

Between 6 000 & 8 000 first years are arriving today. The traffic officers must be so happy
– deidrebaartman

It is just such a great pity that resolutions enforced on main campus are being done so at Tygerberg as well. We have different dynamics – ZahidBadroodien



VAN DIE Redakteur

Welkom by die splinternuwe Kampusnuus! Jou personeelblad is nou in 'n handiger, kleiner tydskrif formaat en bied jou nuusflitse en artikels oor alles wat jou hier by die US raak.

In its new format, Kampusnuus not only gives you news about the University, but also tells you more about the staff who make up the community of Stellenbosch University.

In hierdie uitgawe leer ons 'n paar kollegas van nader ken. Op die voorblad is mnr Gareth Cornelissen, wat eersdaags die nuwe hoof van Matiegemeenskapsdiens (MGD) sal word. Hy is opgewonde om ná 14 jaar as werknemer van die Universiteit sy nuwe en uitdagende pos by MGD op te neem.

Mnr Phillip Vermeulen werk by die Poort van die Konservatorium en is 'n ywerige én talentvolle kitaarspeler. Hy vertel meer van sy werk by die US, wat hy in sy vrye tyd doen en oor sy liefde vir musiek. Ook prof Erwin Schwella vertel meer oor sy nuwe rolle by die Internasionale Leierskapsvereniging (ILA) en die Universiteit van Leiden.

Dr Kate Joyner writes about her visit to America's White House where she shared her research on HIV and intimate partner dysfunctionality. Also, read more about a food recycling project at the University, as well as an exciting new institutional collaboration which helps Rachel's Angels to develop a new world-class mentoring programme.

Ons gee ook idees oor wat jy dié maand kan lees, waar jy op die dorp 'n smullekker middagete kan kry, en hoe jy in jou vrye tyd meer kreatief kan wees.

Ons hoop jy hou van die nuwe Kampusnuus. Laat weet ons gerus wat jy dink en waaroor jy graag wil lees.

Write a letter, comment on Facebook and our news blog at www.sun.ac.za, or follow us on Twitter to share your views on SU and the new Kampusnuus.

Wayne

Met 'n lied in die hart

Kampusnuus het 'n dag spandeer saam met Phillip Vermeulen, sedert 2008 die vriendelike gesig agter die toonbank by die Konservatorium se ontvangs, of Die Poort, soos dit bekend staan. Hy geniet sy werk, sê hy, omdat hy elke dag letterlik met 'n lied in sy hart en in sy ore werk. Deur SONIKA LAMPRECHT



My dag begin ... so net voor agt. Ek kom by die werk en sit dadelik my rekenaar aan, gesels so 'n bietjie met die studente wat inkom en groet my kollegas. Dan antwoord ek e-pos-navrae en beman die telefoon. Die begin van die jaar is 'n besige tyd wat navrae betref, want die nuwe studente is nog vreemd en weet nie waar alles is nie. 'n Mens moet ook jou storie ken, want sommige mense raak moeilik. My filosofie is om kalm te bly en die mense na my beste vermoë te help. Tussendeur doen ek ook die departement se bindwerk en gaan haal pos en sorteer dit. Verder doen ek ook orkesopstellings en sorg dat die advertensieborde voor die Konservatorium op datum bly.



Saans speel ek kitaar, want ...

musiek is my passie; dit is deel van wie ek is. My grootste droom is om 'n solo-album met instrumentale kitaarmusiek op te neem. Ek het alreeds een of twee van my eie stukke wat ek kan opneem, wat deur die gospelband waarin ek speel (Friends of God), gespeel word. Ramon Alexander ('n jazzklavierspeler wat aan die US klasse) het my van die Musiekdepartement se Sertifikaatprogram vertel en ek het ingeskryf. Nou is ek betrokke by die musikale koördinering van die Gig Band. Nog een van die projekte waarby ek betrokke is, is Just Friends, 'n jazz-ensemble wat ek en vier ander musikante onlangs op die been gebring het. Ons gaan ons eie musiek skryf en opvoer – ons gaan jazz ons eie maak.



My musiektaal kom van ... my pa se familie; hulle is musikale mense. Ek het geleer kitaar speel toe ek ses jaar oud was en toe ek so sewe of agt was, het ek al begin optree. My seun, wat nou 11 jaar oud is, het van kleins af saam met my gegaan as ons band, ESP, optree en het vroeg al 'n belangstelling in tromme ontwikkel. Hy het baie ritme en kan gou-gou enige musiek se ritme optel.

Foto's: JUSTIN ALBERTS

US navorsers wen top internasionale prys



Me Alanna Jane Rebelo saam met mnr Thomas Rachel.

Alanna Rebelo, 'n magisterstudent aan die US, is een van drie Suid-Afrikaanse navorsers wat die top internasionale volhoubaarheidsprys Green Talents in Berlyn, Duitsland, ontvang het.

Die Duitse Federale Ministerie van Opvoeding en Navorsing het dié internasionale volhoubaarheidskompetisie van stapel gestuur wat gemik is op uitsonderlike jong wetenskaplikes wat aktief is op die gebied van volhoubare ontwikkeling. Altesaam 20 jong navorsers van regoor die wêreld het eindelike verlede jaar op die derde Green Talents geleentheid prys ontvang.

Rebelo, een van 21 Suid-Afrikaners wat vir die kompetisie ingeskryf het, is vir haar interdissiplinêre navorsing beloon waarin sy soek na oplossings vir die bewaring van biologiese diversiteit te midde van globale ontwikkeling. Sy glo interdissiplinêre navorsing op die gebied van wetenskap en tegnologie is die beste hoop op die verbetering van die doeltreffende gebruik van hulpbronne, veral energie en water, wêreldwyd. Sy kombineer dus verskeie dissiplines, waaronder ekologie en sosiologie, en werk ook saam met ekonome.

Die ander Suid-Afrikaanse wenner is dr Dyllon Garth Randall en Dr Owen Horwood. Randall ondersoek moontlike maniere om die afvalwater van myne te verwerk. Horwood op sy beurt het die beoordelaars beïndruk met sy kundigheid op die gebied van waterbestuur.

Nagenoeg 331 jong wetenskaplikes van 58 verskillende lande het vir die kompetisie ingeskryf. Die wenner mag vir die volgende paar maande in Duitsland aanbly vir navorsingdoeleindes.

SU students attend first MASAMU workshops

Three SU post-graduate students were among the participants in the first MASAMU Advanced Study Institute and Workshops, held in Livingstone, Zambia, from 1 to 14 December 2011.

Theresia Marijani (PhD student), Dieter Winkler (MSc student) and Bewketu Teshale Bekele (PhD student) participated in the workshops, which was a collaborative effort between mathematicians in the United States and Southern Africa and was attended by 28 participants.

Participants had an opportunity to interact with established researchers and other post-graduate students from Southern Africa and the United States. As a result, they are now part of a research network of graduate students who will showcase the collaborative research in November 2012 in Malawi.

Several research collaborations were established between researchers from the United States and Southern Africa. Efforts to sustain these collaborations are being explored and SU will benefit from the established collaborations.

The programme had three main goals: to strengthen the American and Southern African human infrastructure in mathematical sciences research; to drastically increase and sustain research collaboration between American and Southern African mathematicians; and to improve collaboration between American and Southern African colleges and universities.

The MASAMU Project was started to continuously promote research and professional development, as well as to provide participants with an accessible online forum to maintain collaborative research projects.



Dr Farai Nyabadza of the Department of Mathematical Sciences with Theresia Marijani (PhD student), Dieter Winkler (MSc student) and Bewketu Teshale Bekele (PhD student), who attended the first MASAMU workshop.



PROF ANDRÉ AGENBAG (photo), lecturer at the Department of Agronomy at SU's Faculty of AgriSciences, was honoured by Grain SA as Grain Scientist of the year. Agenbag, who was born and raised in Kakamas, obtained his BScAgri (1973), MSc (1976) and PhD (1987) degrees all from SU.

According to Grain SA it does not honour scientists on a regular basis, but continually takes note of how scientists and agronomists add value to producers' profitability and sustainability and thus contribute to the success of agriculture.

Agenbag has done pioneering work in conservation farming and has been involved in the grain industry for more than 30 years. He is currently doing research in nitrogen and sulfur fertilisation of wheat and canola.

He has worked in the Department since 1987 and published 59 scientific and 90 popular articles in his professional career.



DR WILLEM ANKER (foto), romansier en dramaturg wat aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands verbonde is, het die grootste beurs vir Afrikaanse skryfwerk ontvang.

Anker het in Desember die Jan Rabie en Marjorie Wallace-skryfbeurs van R350 000 ontvang. Die beurs word deur die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) geadministreer, en stel die ontvanger in staat om 'n sabbatsverlof te neem om op sy/haar skryfwerk te fokus en 'n boek te voltooi.

Die beursgeld kom uit 'n bemaking van die Afrikaanse skrywer Jan Rabie en sy Skotse skilder-vrou, Marjorie Wallace. Dit word tweejaarliks toegeken, en Anker is die tweede ontvanger daarvan. In 2009 het André P Brink die beurs ontvang.

Anker beplan om 'n boek te skryf oor die rebel Coenraad de Buys, wat sommige as 'n held en ander as 'n dief en poligamist beskou.

Telematic Services helps build capacity at municipalities

A group of municipal workers recently completed a pilot training programme in Water and Wastewater Treatment Supervisory Management Skills, which focused on operational asset management, in collaboration with SU's Division of Telematic Services.

The Vulindlela Academy of the Development Bank of Southern Africa (DBSA) in collaboration with the provincial Department of Local Government, Department of Water Affairs and the South African Local Government Association (SALGA)

used the integrated technology platform provided by the Division of Telematic Services as a virtual learning space.

According to Prof Tom Park, Senior Director: Division of Telematic Services, the main objective of the course was to improve operation, management, monitoring and asset management of treatment plants. It also aimed at improving service delivery in drinking water supply and sanitation services, he added.

The course consisted of 58 hours of real-time broadcasts from the Stellenbosch studio to 10 learning centres in the Western Cape, including Stellenbosch, George, Worcester and Bellville, as well as six learning centres established by the DBSA at participating Western Cape municipalities (Caledon, Hermanus, Bredasdorp, Ladismith, Vredendal and Moorreesburg).

"The increased virtual mobility of the trainees resulted in significant cost-saving for funding partners in terms of travelling and accommodation costs for the participating municipalities."

Park said the fact that more than 97% of the respondents attended 80% or more of the sessions is a strong indication that this mode of training is acceptable in this specific context.

According to Dr Antoinette van der Merwe, Director: Division of Telematic Services, the results of the formal impact study done on completion of the programme show most municipal workers attended the broadcasts because they believed that these types of educational initiatives could enhance their career prospects and help their



Mr Thami Dlalisa (front), Manager of the DBSA Vulindlela Academy, with Dr Antoinette van der Merwe and Prof Tom Park, at the launch of the project.

understanding of their task and job responsibilities.

The participants also reported that the number and duration of the broadcast days used for the pilot project successfully addressed the needs of the trainees. This feedback obtained from the participants regarding the time allocated for the programme as well as the frequency of the broadcasts can serve as important guidelines for the design of similar projects in the future.

Park added that according to the feedback from the participants, project partners and stakeholders the goals of the pilot training programme were successfully achieved.

These are just some of positive responses of municipal workers who participated in the training programme:

- "The broadcasts have given me a better insight of water and waste water treatment."
- "I am very positive about this. The beauty of it is that managers are now able to work toward a qualification that will enhance their skills."
- "This method of learning is the answer for the future."

SU signs MOU with Hessequa Municipality



Councillor Emor Nel and Prof Russel Botman, SU Rector, sign the Memorandum of Understanding.
Photo: JUSTIN ALBERTS

The Hessequa Municipality and SU has been working together since 2007 on an informal basis to solve socio-economic and ecological problems and infrastructure backlogs, and to address the development needs in the Hessequa region. At the end of last year, this relationship was formalised with the signing of a Memorandum of Understanding (MOU).

Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor of Stellenbosch University, said: "This kind of collaboration with the elected authority responsible for service delivery to citizens is the right thing to do."

The Hessequa Municipality includes towns such as Riversdale, Heidelberg and Stilbaai.

The MOU was signed by Botman and the Executive Mayor, Councillor Emor Nel, in Stellenbosch.

It strengthens the cooperation between the two institutions and will promote sustainable development in Riversdale, Stilbaai, Witsand, Heidelberg, Gouritsmond, Albertinia, and the surrounding areas in an effort to improve the living conditions of residents of these towns.

Nel said: "The agreement with SU will afford Hessequa Municipality the opportunity to build capacity by utilizing the expertise available. Joint initiatives will focus on sustainable energy, sanitation and clean water and a strategic partnership for the establishment of a specific development framework for Hessequa Municipality."

The municipality and SU will also work together with local businesses, education and community organisations and non-governmental organisations to ensure sustainable local economic development.

The two institutions have already launched the first solar water geyser project for low-cost housing in KwaNokuthula outside Riversdale. In addition, SU provided the Municipality with regular advice and guidance on sustainable development issues.

Dr Jerome Slamat, SU's Senior Director: Community Interaction, said the University and Hessequa Municipality are knowledge partners and the MOU is signed for their mutual benefit. "SU uses science to benefit society," he added.

In January last year, a MOU was signed with Drakenstein Municipality to promote sustainability in the Drakenstein area. A similar MOU is in place with the Stellenbosch Municipality, which also includes Pniel and Franschhoek. In addition, the University has signed a MOU with the City of Cape Town through the Cape Higher Education Consortium (CHEC).

US Woordfees is groen in 2012

Vanjaar verf die US Woordfees Stellenbosch groen. Die fees se tema is "Groen", maar dit verwys nie net na 'n groter omgewingsbewustheid nie – die woord bly ook immergroen.

Die 13de Woordfees word van 2 tot 11 Maart gehou.

By die programbekendstelling op Maandag 16 Januarie by die Lourensford-wynlandgoed het prof Dorothea van Zyl, Direkteur van

die US Woordfees, skrywers, kunstenaars, musici en ander gaste uit onder meer die onderwys, media, sakewêreld en vermaakklikebedryf verwelkom. Sy het gesê dat 2011 se Woordfees die mees suksesvolle fees tot nog toe was met kaartjieverkope wat met meer as 50% verbeter het.

Die US Woordfees is in 2011 by die kykNET Fiesta-toekennings aangewys as die land se gewildste kunsfees.

Vanjaar is die feesboekie nog dikker met meer as 250 items op die program, het Van Zyl bygevoeg.

Dr Ludolph Botha, Senior Direkteur Studente- en Akademiese Steun, het by die geleentheid gesê die US is geweldig trots op dit wat die Woordfees en die Woorde Open



Welkom by die US Woordfees! Bun Booyens, Redakteur van Die Burger, prof Dorothea van Zyl, Direkteur van die US Woordfees, dr Yvonne Muthien, Uitvoerende Direkteur van Sanlam-groepdienste, en Sandra Prinsloo.

Wêreld (WOW)-projek die afgelope jare vermag het. Die skep van vyf permanente poste vir die fees is 'n teken van groei en van die vertroue wat die Universiteit in die fees stel.

Vir meer inligting besoek www.woordfees.co.za. Kaartjies is te koop by Computicket.

Nuwe webtuiste vir alumni



Die webtuiste vir US alumni spog met 'n nuwe voorkoms en adres. Dié moderne, gebruikersvriendelike webtuiste met inligting oor komende alumni-geleenthede, 'n funksionaliteit waar alumni hul studierekords kan bekom en ook Matieland, die alumni-tydskrif, en Alumnus ('n nuusbrief aan donateurs) aanlyn kan lees, is beskikbaar by alumni.sun.ac.za (sonder die gebruiklike www).

Me Liezl Scholtz, Kommunikasiebeampte: Alumni-verhoudinge, sê die nuwe webtuiste is volgens die behoeftes

van alumni gebou.

"Ons wil alumni aanmoedig om kontak met hul intellektuele tuiste te behou – ongeag waar hulle hulself in die wêreld bevind. Die webtuiste dien as 'n skakel met die Universiteit waar hulle op hoogte van gebeure asook die nuutste navorsing van die US kan bly."

Alumni kan ook in kontak bly met hul alma mater via die skakels op die webblad na sosiale media soos Facebook, twitter (@SU_Alumni), flickr, YouTube, LinkedIn of Xing.

Ukwanda-baanbrekers voltooi hul landelike opleiding

Kliniese ervaring, die vryheid om jou eie studies te dryf, kontinuïteit met pasiënte en om deel te wees van die gemeenskap waarin jy werk. Dít is van die hoogtepunte in die opleiding van die eerste Suid-Afrikaanse student-interns wat hul volle sesdejaar kliniese opleiding op 'n landelike platform voltooi het.

"Dit was 'n ongelooflike jaar en ek is glad nie spyt dat ek dit gedoen het nie," sê dr Elsabe Smit, wat in 2011 een van



Die eerste LKS-graduandi, van links agter: Drr Mikhail Barday, Owen Wiese, Calvino Watt, Johan Gebhardt en Louwalleen Volmink. Voor is dr Nicholas Fortuin, Elsabe Smit, Prof Hoffie Conradie van Ukwanda, en dr Montenique Jeffries.

die eerste nege MB, ChB-studente aan die US se Fakulteit Gesondheidswetenskappe se Ukwanda Landelike Kliniese Skool (LKS) in Worcester was. Dit is die eerste en tans die enigste landelike kliniese skool in Suid-Afrika.

Die vestiging van die LKS is in ooreenstemming met internasionale neigings wat toenemend die klem plaas op gemeenskapsgerigte- en sosiaal-verantwoordelike mediese opleiding. Navorsing het ook getoon dat voorgraadse landelike opleiding 'n positiewe uitwerking het op die werwing van studente uit landelike gebiede en die behoud van professionele gesondheidswerkers in landelike omgewings.

Volgens dr Owen Wiese het sy opleiding aan die Ukwanda LKS hom toegerus met die ervaring en vaardighede "om as dokter my pasiënte te behandel in die konteks waarin hulle leef".

"Ek glo dat danksy die LKS ek nou een van nege dokters is wat die beste voorberei is vir internskap in Suid-Afrika. Voorgraadse studente kan nêrens beter blootstelling aan primêre gesondheidsorg kry as wat ons as LKS-studente gekry het nie en ek voel ten volle toegerus om in enige hospitaal as junior dokter te gaan werk."

'n Tweede groep van 22 MB, ChB-studente het vir 2012 plasing aan die LKS aanvaar – 18 van hulle op Worcester, twee op Robertson en twee op Swellendam. Die Fakulteit hoop om uiteindelik aan minstens 30 MB, ChB-studente, en aan 'n aantal studente uit die verwante gesondheidsberoep, deurlopende landelike opleiding te bied.

Die geboue wat die LKS huisves, sal waarskynlik teen die einde van Mei vanjaar voltooi wees. Dit sluit 'n koshuis vir ongeveer 40 studente in.



The secret killer in HIV



There seems to be a glaring absence of awareness and appropriate action to address the links between intimate partner dysfunctionality and HIV infection internationally, writes DR KATE JOYNER after a visit to the White House to discuss the issue.

The neoclassical East Wing of the White House in Washington, D.C. was my destination on 28 June 2011. The purpose: To meet with key personnel and discuss how the intervention I developed in my doctorate studies can be utilized in HIV care and anti-retroviral roll-out.

As a mental health nurse from the tip of Africa things had moved very fast since I was first headhunted for my expertise in intimate partner violence by the University of Maryland's director of global health initiatives in late April 2011. Supported by my team of collaborators from the University of Maryland in Baltimore, I was privileged to lead a meeting with the director of National Aids Policy who is senior advisor to President Barack Obama on Disability Policy, and the senior advisor to Vice-President Joe Biden on Women's Health. We also met with the senior advisor for Gender at the State Department's office of the Global Aids co-ordinator.

Both meetings focused on the largely neglected interface of HIV and intimate partner violence, and in particular on the comprehensive approach I have developed with Prof Bob Mash, head of Family Medicine and Primary Care, to identify intimate partner violence and intervene constructively.

It seemed to be a new conversation and one that the Americans welcomed. While there is wide recognition of the co-morbidity between TB and HIV, internationally there has been a glaring absence of awareness and appropriate action to address the links between intimate partner dysfunctionality and HIV infection. Yet, intimate partner violence is a hidden driver of the HIV epidemic. I highlighted links between the two epidemics that South Africa and the United States share: violence limits women's ability to engage in HIV preventive habits, women abused at an early age are likely to engage in behaviours placing them at greater risk for HIV, violently abused women are more likely to be in partnerships with

men at elevated risk for HIV and the stigma of being HIV-positive affects self-esteem, and the reluctance of abused women to seek effective help.

Our vision of creating a global interdisciplinary research/education and treatment/service network addressing this complex issue met

“Abused women are more likely to be in partnerships with men at elevated risk for HIV and the stigma of being HIV-positive affects self-esteem.”

with the support of the presidential office and state department. They were particularly interested by our concept of looking at the same issue in the same way, using the intervention in both the United States and South Africa simultaneously. We discussed how intimate partner violence can be optimally addressed via an interdisciplinary approach.

To this end, the founding campus of



From left to right: Dr Emilie Calvello, Associate Professor of Emergency Medicine at University of Maryland (UM); Dr Joe O'Neill, Director of Global Initiatives, UM; Dr Jody Olsen, visiting Professor of Social Work, UM; SU's Dr Kate Joyner, and Stephanie Pons, Director of HIV clinics, UM.

Gareth aan die stuur

Maties Gemeenskapsdiens (MGD) kry eersdaags 'n nuwe hoof. Mnr Gareth Cornelissen, al 14 jaar werkzaam by die Universiteit, volg dr Lydia Burger as hoof van dié gemeenskapsdiensorganisasie op.

Sedert November 1997 slyp mnr Gareth Cornelissen al sy loopbaan aan die US toe hy hier begin werk het as kursusbeampte in die Registrateursafdeling, waar hy verantwoordelik was vir die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.

"Ek moes baie vinnig leer hoe dinge werk, want dit is boonop 'n groot fakulteit. Ek is baie dank verskuldig aan my eerste lynhoof, Leana Loxton, wat take en verantwoordelikhede aan my toegeken het wat my die geleenthede gegee het om te groei en sodoende netwerke binne die US op te bou," sê Cornelissen.

In Maart 2002 het hy aangesluit by die afdeling wat destyds bekend was as die Stellenbosch Stigting (deesdae Ontwikkeling), waar hy verantwoordelik was om fondsverwing by korporatiewe maatskappye, stigtings en trusts te doen vir US-projekte. En sedert 2010 is hy Bestuurder: Ontwikkeling en oorhoofs verantwoordelik vir fondsverwingaksies binne die konteks van die HOOP Projek.

Verlede maand is hy aangestel as die nuwe hoof van MGD, en sal in April sy pos inneem.

"My tyd by die Stigting was aangenaam. My nou agetrede kollegas Sunley Uys en Barry van der Merwe, asook die huidige direkteur, Annamia van den Heever, het my geleer dat jou personeel jou belangrikste bate is en as sodanig bestuur moet word. 'n Gelukkige werknermer lewer maksimum uitsette."

Dis in hoëronderwys waar hy sy bydrae wil maak, verklaar Cornelissen sy lojaliteit vir 14 jaar teenoor die US, en in sy nuwe pos wil hy 'n selfs groter bydrae maak. "Ek werk al lank in 'n studenteomgewing, en díis waar ek my toekoms sien."

Dit was juis ook sy motivering toe hy in 2005 by die Afdeling Studentegemeenskappe as besoekende hoof by Huis de Villiers en Lobelia betrokke geraak het, en waarom hy sedert 2008 inwonende hoof by Metanoia is.

By MGD gaan hy selfs nog meer betrokke wees binne die studentegemeenskap as in sy werk as fondsverwer.

"Ek word gedryf deur 'n passie om 'n verskil in mense se lewens te maak deur 'n bydrae tot hul ontwikkeling te lever. By MGD sal ek daardie geleentheid kry, en dis juis hoekom ek aansoek gedoen het vir die pos."

"Tot dusver het ek 'n noue verbintenis met MGD as fondsverwer gehad en ken hulle goed as buitestander; nou sal ek hulle as binnestander beter leer ken."

Oor sy nuwe pos, sê Cornelissen: "Ek sien my taak by MGD as om leiding te gee en voortdurend vrae te vra oor hoe ons die gemeenskap nog beter kan dien – wat werk, wat werk nie, hoe kan die onderskeie projekte deur nouer samewerking en integrasie tot groter waarde van die gemeenskap wees?"



